# Byvoeglike naamwoorde

Die **byvoeglike naamwoord** beskryf die selfstandige naamwoord. Die byvoeglike naamwoorde kan **voor** (attributief) of **na** (predikatief) die selfstandige naamwoord staan. As die byvoeglike naamwoord voor die naamwoord staan, verander die vorm daarvan gewoonlik, bv. Die **lang** man het nie nodig om die **stukkende** leer te gebruik nie.

Byvoeglike naamwoorde het die volgende kenmerke:
- trappe van vergelyking
- intensiewe vorme
- attributiewe en predikatiewe gebruik
- letterlike (denotasie) en figuurlike (konnotasie) betekenis.

**Wenke**
- As die byvoeglike naamwoord **voor** die selfstandige naamwoord staan, noem ons dit 'n **attributiewe** b.nw.
- As die byvoeglike naamwoorde **na** die selfstandige naamwoord staan, noem ons dit 'n **predikatiewe** b.nw.

1. Onderstreep die byvoeglike naamwoorde in die paragraaf.

Al die oumas en oupas word genooi na 'n heerlike middag van spesiale bederf by die skool. Elke leerder het 'n besondere geskenk vir hul dierbare oumas en oupas gemaak. Die flukse ouers staan gereed met smaaklike kos soos aangedui op die mooi, versierde spyskaart. En dan is daar nog die verrassing van die dag: die uitstekende konsert waaraan die talentvolle leerders so hard geoefen het!

Elke ouma en oupa gaan ook 'n pragtige, geraamde foto saam met hul kleinkinders ontvang.

2. Vervang die woord **lekker** elke keer met 'n meer gepaste byvoeglike naamwoord.

Ons was op 'n (lekker) ___________ uitstappie na die dieretuin toe. Daar was baie diere om te sien en ons het (lekker) ___________ onder die koeltebome piekniek gehou. Die (lekker) ___________ kos wat ingepak was, was hopeloos te veel. Ons het (lekker) ___________ foto's geneem en gespeel. Dit was (lekker) ___________ om al die feite oor die diere en hul gewoontes te leer. Op pad terug, het almal 'n (lekker) ___________ slapie in die bus gevat.

3. Skryf jou eie sin waar jy die byvoeglike naamwoord attributief gebruik.

_______________________________________________

4. Skryf jou eie sin waar jy die byvoeglike naamwoord predikatief gebruik.

_______________________________________________


© Oxford University Press Southern Africa

## Byvoeglike naamwoorde

Byvoeglike naamwoorde kan gebruik word om dinge en mense met mekaar te vergelyk, met ander woorde hulle het **trappe van vergelyking**:

| Stellende trap | Vergrotende trap | Oortreffende trap |
|---|---|---|
| slim | slimmer | slimste |

- In sekere gevalle kan die trappe van vergelyking met **meer** (in die vergrotende trap) en **mees** (in die oortreffende trap) aangedui word, bv. tevrede – meer tevrede – mees tevrede.
- Soms word die trappe van vergelyking met verskillende woorde aangedui, bv. baie – meer – (die) meeste.
- Ons gebruik egter **nooit mees** en **-ste** saam om die trappe van vergelyking aan te dui nie, bv. die **mees** bly**ste** × – die bly**ste** ✓.

5. Voltooi die tabel deur die ontbrekende trappe van vergelyking in te vul.

| Stellende trap | Vergrotende trap | Oortreffende trap |
|---|---|---|
| | | armste |
| bietjie | | |
| | droër | |
| snaaks | | |
| | | dood |
| fris | | |
| | kwater | |
| los | | |
| | | moegste |
| naby | | |
| | | nuutste |
| opgewonde | | |
| vroeg | | |
| | wilder | |
| woes | | |
| | vlakker | |
| skuins | | |

**Wenke**

Maak seker wat in toetse en eksamens oor die trappe van vergelyking gevra word – as jy gevra word om die vergrotende trap te gee, moet jy slegs die vergrotende trap van die woord gee; nie al drie trappe nie. Maak dus seker dat jy die name van die drie trappe ken en korrek kan spel.

© Oxford University Press Southern Africa